Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

31 Mei 2020

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat

Leraar:	**Marcel Floor 0828285811**
Admin:	Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
Webblad:	www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid:	Semone Pienaar 0846426597 epos semone1grobler@gmail.com
Geboue:	PJ Gouws – 079 492 8404
Koster:	Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor:	Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: ***BLOK D***
Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid (diakonie rekening)
Kollekte by DEURE: Sustentasiefonds (kerkkas rekening)

KOLLEKTES

In hierdie moeilike tye is ons voorwaar dankbaar vir die volgehoue bydraes en kollektes. **Onthou asseblief die verwysings, waarvoor kollektes inbetaal word.**

Bankbesonderhede:

Kerkkas: Absa, Gereformeerde Kerk Sasolburg, Rek nr 520340033 en Verw: bv Kollekte Sustentasie, ens)
EN ALLE MAANDELIKSE LIDMAAT BYDRAES
Diakonie: Absa, Gereformeerde Kerk Diakonie, Rek nr 520340238 Verw: Kollekte Barmhartigheid

SNAPSCAN SLEGS VIR KOLLEKTES

Woordbediening

Tema:
Moenie dat COVID-19 ons verdeel nie.

Fil. 2:1-11 & Ef. 4:1-3 (83 AV)
Kernverse: Fil. 2:2-5 en Ef. 4:2-3 (83 AV)
"2...maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. 3Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. 4Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander. 5Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was
Ef 4:2-3: 2"Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. 3Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe

Inleiding.

1. Die moeilike uitdaging van hoe en wanneer om fisiese samekomste te hervat.
2. Uiteenlopende standpunte, en die potensiaal van verdeeldheid.
3. Hoe kan ons in so 'n polariserende omgewing eensgesind vorentoe beweeg, en so totaal anders as die wêreld wees, en 'n voorbeeld stel?

A: Selfopoffering.

1. Baie mense is selfsugtig en dink eerste aan hulle eie belange. (Fil. 2:3-4)
2. Selfsug en eiebelang is dikwels 'n resep vir konflik. (Jak. 4:1)
3. En daarom Paulus se smeking in Fil. 2:2-4 aan die gemeente in Filippi.
4. Hoe kan ons dit regkry?
   a. Net as die gesindheid van Jesus in ons is. (Fil. 2:5).
   b. Jesus se gesindheid: Selfopoffering.
5. God vra ook van ons almal selfopoffering waar ons oorweeg om weer fisies bymekaar te kom.

B: Nederigheid.

1. Baie mense is baie selfversekerd oor hulle eie standpunte.
2. Die tweede gesindheid wat ons by Jesus sien is nederigheid. (Fil. 2:7-8)
3. Die Here beveel ons nederigheid en beskeidenheid. (Fil. 2:3, Ef. 4:2)
4. Elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie. (Jak. 1:19)
5. God vra ook van ons om in hierdie moeilike besluitnemingstyd nederig en goed te luister.

C: Geduld.

1. Ons lewe in 'n kitswêreld.
2. Mense raak maklik ongeduldig as dinge nie vinnig gebeur nie.
3. Ook ons almal se geduld word beproef met die lockdown en die regulasies.
4. Ons moet ook hier versigtig wees om nie te haastig te wees nie, en geduldig wees na alle kante toe. (Ef. 4:2, Gal. 5:22).
5. In die lig van die ewigheid is die ongerief wat ons nou beleef, relatief baie kort.

D: Deur genuanseerd te wees.

1. Wat dit beteken?
2. Genuanseerdheid sien ons dikwels nie in die wêreld rondom ons nie.
3. Waar beskeidenheid oor ons eie standpunt en geduld en verdraagsaamheid teenoor ander se standpunte bymekaar kom, is waar ons genuanseerd word. (Ef. 4:2)
4. Wat beteken dit prakties in hierdie moeilike, onbekende waters waarin ons is?

Slot:

1. Kom ons wys vir die wêreld die gesindheid van Jesus.
2. Kom ons wees ook altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liede, al verskil ons soms van mekaar.
3. Kom ons beweeg eensgesind vorentoe.

VERJAARSDAE

Verjaar				Landlyn	Selfoon
06/10	Pieter	Heunis	Belydend	0169767461	0832306028
06/13	Frieda	Jansen Van Vuuren	Belydend	0798402070	0798402070
06/13	Debbie	Van Schalkwyk	Belydend	0169760238	0825987090

Jy kan vir die volgende bid en hulle ondersteun:

- Martie Bezuidenhout (0761472794) is in die hospitaal opgeneem
- Nic van der Walt (0824864026) kry tans behandeling vir 'n oorverwante problem wat sy balans aantas.
- Wysheid en leiding van die Gees in moeilike besluite
- Werk in die Vlamvatproses

KINDERKERK

Die 2de gebod:

Aanbid net vir God en Hy moet die belangrikste in ons lewens wees